# Nuttige naslaanwerk keurig uitgevoer

J.S. BERGH (Red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika; die vier noordelike provinsies.*

J.L. van Schaik, Pretoria, 1999.

375 bladsye.

ISBN 0 627 02270 7

*Prys onvermeld*

Atlasse en kaarte is vir 'n baie belangrike hulpmiddel vir die historikus. Onderwysers en -dosente maak feitlik voortdurend van kaarte gebruik wanneer hulle geskiedenislesse aanbied. Verder bevat 'n baie groot persentasie historiese werke en artikels kaarte ter verduideliking van die teks. Hoewel daar in die loop van die twintigste eeu verskeie geskiedenisatlasse van Suid-Afrika verskyn het, was hulle nie baie omvattend nie en hoofsaaklik op skoolgebruik gerig. Die atlas wat verlede jaar onder redaksie van J.S. Bergh verskyn het, vul dus 'n leemte wat reeds lank deur historici aangevoel is. Dit is bedoel as 'n eerste fase van 'n projek om 'n uitgebreide geskiedenisatlas van Suid-Afrika op te stel.

Die atlas is aanvanklik beplan om oor die vroeëre provinsie Transvaal te handel. Die nuwe provinsiale indeling van 1994 en veral die totstandkoming van die Noordwes-provinsie waarin dele van Transvaal en die Kaapprovinsie saamgevoeg is, het die samestellers met 'n moeilike probleem gekonfronteer. Dit sou seker moontlik gewees het om dit steeds as 'n historiese atlas van Transvaal uit te gee, aangesien Transvaal vir byna die hele twintigste eeu 'n politieke en administratiewe eenheid gevorm het en verder omdat daar geen rede is waarom die naam tans nie gebruik kan word om 'n bepaalde geografiese gebied aan te dui nie. In Frankryk het Normandië, Provence, Boergondië, ensovoorts, reeds tydens die Franse Rewolusie hul status as provinsies verloor, maar die name word nog steeds gebruik om bepaalde landstreke aan te dui. Binne die huidige tydsgewrig sou dit egter nie polities korrek wees om 'n atlas van Transvaal uit te gee nie, en dit was 'n goeie besluit om eerder van 'n atlas van die vier noordelike provinsies gepraat. Ongelukkig was die meeste kaarte - so wil dit altans voorkom - teen 1994 reeds geteken, en daar is eintlik nie 'n enkele kaart waarop die hele Noordwes-provinsie verskyn nie. Dit is hoofsaklik net dié gebied wat vroeër deel van Transvaal was en soms ook die gebiede rondom Vryburg en Mafikeng wat op die kaarte aangedui word.

Selfs 'n baie oppervlakkige ondersoek na die historiese atlasse wat in die afgelope

dekade in lande soos die VSA en Groot-Brittanje verskyn het, bring ‘n mens onder die indruk van die groot verskeidenheid wat daar in hierdie verband bestaan. Daar is byvoorbeeld atlasse wat oor die hele wêreldgeskiedenis handel, atlasse oor besondere historiese temas, soos die groei van die wêreldbevolking of ekonomiese ontwikkeling, en atlasse wat oor die geskiedenis van ‘n enkele landstreek handel , waarvan die werk onder bespreking ‘n voorbeeld is. Sommige atlasse bevat hoofsaaklik net kaarte met baie beknopte toeligting., en in ander beslaan die toeligting net soveel of selfs meer bladsye as die kaarte. In die werk van Bergh *et alia* beslaan die kaarte sowat tagtig bladsye en daarna volg 250 bladsye teks. Die besluit om eers al die kaarte en daarna die teks te plaas, is waarskynlik om praktiese redes geneem. Deurdat die kaarte duidelik genommer is en daar in die teks telkens na die nommers verwys word, is dit maklik om die toeligting by elke kaart te vind. Hierbenewens is daar ‘n doeltreffende register, waardeur ‘n mens maklik die kaart en teksgedeelte oor ‘n bepaalde onderwerp kan vind. Die teks gee meer as net toeligting by die kaarte. Dit is verdeel in elf hoofstukke, wat elk oor ‘n bepaalde tema handel. Die eerste hoofstukke handel oor die fisiese omgewing, die vroegste inwoners, swart gemeenskappe voor die koms van die blankes en blanke vestiging. Daarna kom administratiewe en ruimtelike ordening, konflik tussen blank en swart in die negentiende eeu, gebiedsafbakening en grondbesettiong deur swart mense, die stryd om grondgebied en om onafhanklikheid van die Boererepublieke, kultuur- en bewaringsaspekte, demografiese tendense en mynbou-, landbou- en spoorwegontwikkeling aan die beurt. Eintlik kan die teks as ‘n selfstandige oorsig van die Transvaalse geskiedenis beskou word. Dit is trouens een van die mees omvattende oorsigwerke wat daar oor die die hele geskiedenis van die gebied - vanaf die vroegste tyd tot vandag toe - bestaan. Hoewel dit hoofsaaklik gebaseer is op ander gepubliseerde werke (waarna telkens in voetnote verwys word), is daar ook argiefnavorsing gedoen en statistiese gegewens verwerk. Primêre navorsingswerk wat nodig was vir die kaarte is dus ook gebruik vir die teks. Dit sou seker moontlik gewees het om die teks in te kort, veral ten opsigte van bekende geskiedenis soos die politieke ontwikkelinge in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die botsinge met die Britse Ryk, maar oor die algemeen is waardevolle inligting byeengebring wat nie maklik vir gewone lesers toeganklik is nie. Daarbenewens word die reultate van nuwe navorsingswerk oor verskillende onderwerpe vir die eerste keer beskikbaar gestel. Die hoofstukke oor die konflik tussen blank en swart en die gebiedsafbakening en grondbesetting deur swart mense (albei deur J.S. Bergh), met die daarmee gepaardgaande kaarte kan veral uitgesonder word as ‘n belangrike nuwe bydrae. In die lig van die huidige problematiek rondom. grondeise is hierdie afdelings veral waardevol.

Om ‘n geskiedenisatlas van Transvaal saam te stel, is nie net historici nodig nie, maar ook wetenskaplikes van ‘n verskeidenheid ander dissiplines. Die span van sestien wetenskaplikes wat aan hierdie atlas meegewerk het, sluit in agt historici (waarvan die meestes aan die Universiteit van Pretoria verbonde is of was) in, en ook geograwe, argeoloë, antropoloë en plant- en dierkundiges. Slegs ‘n deskundige op elk van hierdie terreine sou die werk wat al die medewerkers gelewer het,

behoorlik kan beoordeel. Dit is egter duidelik dat baie navorsing nodig was om hierdie werk tot stand te bring en dat groot moeite gedoen is om seker te maak dat die inligting korrek is. Dit is feitlik onmoontlik om aan al die aspekte van die Transvaalse geskiedenis volledig aandag te gee. Oor die periode voor die negentiende eeu is daar baie min gegewens beskikbaar en net enkele kaarte word daaraan gewy. Verder val die fokus veral op die negentiende-eeuse periode. Die redakteur verduidelik in die voorwoord dat 'n vollediger behandeling van die twintigste eeu die atlas te lywig sou gemaak het en dat heelwat inligting oor die twintigste eeu in ander publikasies verkry kan word. 'n Latere werk wat meer aandag aan die twintigste eeu gee, word in die vooruitsig gestel.

Die kaarte, wat met behulp van rekenaartegnologie totstandgebring is, is almal in kleur en die gegewens is oor die algemeen duidelik daarop aangebring. Hoewel die grense van die vroeëre provinsie Transvaal eers in 1902 hul beslag gekry het, word dié grense ook om sommige vroeëre kaarte aangetoon. Dit is noodsaaklik omdat gegewens oor byvoorbeeld die verspreiding van rotsgravures slegs verskaf word ten opsigte van die gebied binne hierdie grense. Dit lei egter soms tot verwarring, byvoorbeeld op bladsy 20, waar die grense in die periode 1860 tot 1886 aangedui word, maar nie duidelik onderskei word van latere grense wat ookopdie kaart geteken is.. Die gebruik om stede en dorpe wat vandag bestaan op die meeste van die kaarte aan te dui, is nuttig vir oriëntasie, maar is tog soms ook verwarrend en lei in enkele gevalle tot onakkuraathede. Op die kaart op bladsy 23, wat veronderstel is om net dorpe gestig voor 1910 te bevat, kom ook dorpe wat eers later tot stand gekom het voor.

Die geskiedenis van Transvaal word gekenmerk deur die interaksie tussen verskillende etniese en rassegroepe. Die kaarte en teksgedeeltes wat handel oor die swart gemeenskappe en die konflik tussen blank en swart is baie insiggewend. 'n Mens kry tog soms die indruk dat die komplekse verhoudinge tussen die groepe te veel net in terme van blank en swart gesien word. Die probleem kom veral in die gedeelte oor demografiese tendense na vore. Daar is 'n hele aantal kaarte, grafieke en tabelle oor die verspreiding en groei van die blanke bevolking en ook oor die verspreiding en groei van die swart bevolking, maar geen kaarte of grafieke wat handel oor die totale bevolking nie. Ten opsigte van die Kleurlinge en Indiërs word geen gegewens verskaf nie.

Om 'n omvattende atlas soos hierdie tot stand te bring, verg nie net geweldig baie tyd en moeite nie, maar is ook 'n baie duur onderneming. 'n Ruim subsidie van die L.W. Hiemstra-trust het die publikasie van hierdie werk moontlik gemaak. Die feit dat dit net in Afrikaans verskyn, bring mee dat dit net toeganklik is vir 'n gedeelte van die leerlinge, studente, wetenskaplikes en algemene lesers wat aspekte van die Transvaalse geskiedenis bestudeer. Moontlik kan dit in Engels vertaal word of kan die werk wat vir hierdie atlas gedoen is, ook gebruik word in die totstandbrenging van 'n Engelstalige atlas. Dit ly egter geen twyfel nie dat hierdie werk 'n baie

nuttige naslaanbron is wat deur baie mense en vir verskillende doeleindes gebruik kan word. Die atlas is tipografies baie goed versorg en uitgegee in 'n formaat ietwat groter as A4. Dit is stewig gebind en maklik hanteerbaar is vir naslaandoeleindes. Hierdie werk kan beskou word as een van die belangrikste historiese publikasies wat in die afgelope jare in Afrikaans verskyn het. 'n Mens hoop dat hierdie publikasie werklik 'n stap verteenwoordig in die totstandkoming van 'n atlas oor die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis.

P. de Klerk

PU vir CHO (Vaaldriehoekkampus)

## Plaaslike geskiedenis van Louis Trichardt

J.W.N. TEMPELHOFF, *Dorpsmense van Soutpansberg 1899-1999. 100 Louis Trichardt.*

Groter Louis Trichardt Oorgangsraad

Louis Trichardt

1999

ISBN 0-9584-2860-3

Prys R80

Gedurende die afgelope paar dekades het die skrywe van streeks- en plaaslike geskiedenis vinnig vordering ten opsigte van gehalte getoon. Die tyd toe hierdie tipe geskiedenisskrywing hoofsaaklik eensydig-saamgeflanste herinneringskrifte was, is blykbaar in 'n groot mate verby. Hoewel daar van tyd tot tyd nog ongewenste produkte in hierdie verband op mark kom, is dit verblydend dat groter plaaslike owerhede tans in die meeste gevalle professionele historici nader om dié taak te verrig. Hoewel daar in die verlede soms kritiek uitgespreek is teen bydraes in die RGN se plaaslike geskiedenisreeks, kom 'n groot deel van die krediet vir die verbetering in gehalte van dié genré in die Suid-Afrikaanse historiografie dié inisiatief toe. Dit het waarskynlik meer as enigiets anders historici en die breë publiek bewus gemaak van die noodsaaklikheid om ook hierdie publikasies 'n meer professionele inslag te gee.

Die publikasie van Johann Tempelhoff, *Dorpsmense van die Soutpansberg, 1899-1999*, val binne die kategorie van professionele geskiedskrywing in streeks- en plaaslike geskiedenis. Die skrywer het met hierdie werk dié voordeel gehad dat hy kon bou op sy baie stewige proefskrif wat oor blankevestiging in die distrik